6.2 DEPARTEMENT: FINANSIES
DEPARTMENT: FINANCE

ITEM 14/05/26/6.2.1 VAN DIE NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING VERGADERING VAN DIE WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT WAT GEHOU IS OP 26 MEI 2014

ITEM 14/05/26/6.2.1 OF THE MINUTES OF THE SPECIAL COUNCIL MEETING OF THE WEST COAST DISTRICT MUNICIPALITY HELD ON 26 MAY 2014

ONDERWERP: TWEEDE AANSUIWERINGSBEGROTING 2013/2014 (4/2/1)

SUBJECT: SECOND ADJUSTMENT BUDGET 2013/2014 (4/2/1)

Die item het gedien tydens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedateer 14 Mei 2014:

Doel:

Die doel van die item is om goedkeuring te verkry vir die 2013/2014 Aansuiweringsbegroting.

Artikel 28 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003), bepaal soos volg ten opsigte van Munisipale aansuiweringsbegrotings, nl.

Artikel 28 (1) 'n Munisipaliteit kan 'n goedgekeurde jaarlikse begroting deur middel van 'n aansuiweringsbegroting hersien.

"(2) 'n Aansuiweringsbegroting-

(a) moet die inkomste- en bestedingsprojeksies afwaarts aanpas indien daar gedurende die huidige jaar 'n wesenlike onder-insameling van inkomste was;
(b) kan bykomende inkomstes wat beskikbaar geword het bo en behalwe daardie inkomste wat in die jaarlikse begroting geantisipeer is, bewillig maar slegs ten einde bestedingsprogramme waarvoor alreeds begroot is, te hersien of te versnel;
(c) kan binne 'n voorgeskrewe raamwerk onvoorsiene en onvermydelike besteding magtig wat deur die burgemeester van die munisipaliteit aanbeveel is;
(d) kan die aanwending van geprojekteerde besparings in een begrotingspos vir besteding onder 'n ander begrotingspos magtig;
(e) kan besteding magtig van fondse wat onbestee was teen die einde van die vorige finansiële jaar waar die onderbesteding op die tydstip toe die jaarlikse begroting vir die huidige jaar deur die raad goedgekeur is, nie redelikerwys

voorsien kon word sodat geprojekteerde oor rolle in die begroting ingesluit kon word nie;

(f) kan enige foute in die jaarlikse begroting regstel; en

(g) kan binne ‘n voorgeskrewe raamwerk voorsiening maak vir enige ander besteding.”

A. Uitgawes / Inkomste
Expenditure / Income

Die aangesuiwerde uitgawe begroting soos goedgekeur tydens die Spesiale Raadsvergadering van 26 Februarie 2014 het vermeerder met R 1.7 miljoen as gevolg van die Brandweerdienste van Saldanhabaai Munisipaliteit wat deur die Raad oorgeneem is vanaf 01 April 2014.

Die totale begroting beloop nou as volg:

Totale uitgawes:	was	R 267 587 560
	nou	R 269 287 560
Totale inkomste:	was	R 278 208 430
	nou	R 279 908 430

(Besonderhede gesirkuleer) **Aanhangsel “A”**

Die Uitvoerende Burgemeester stel die goedkeuring van die Tweede Aansuiweringsbegroting 2013/2014 voor en rdl Skei sekondeer die voorstel.

Die Raad gaan oor tot stemming.

Die volgende raadslede het buite stemming gebly: 5

Rdh E Plaatjies
Rdl NG Delport
Rdh NV Mgoqi
Rdl SR Claassen
Rdl NS Zatu

BESLUIT:

DAT DIE TWEEDE AANGESUIWERDE UITGAWE/INKOMSTE BEGROTING (AANHANGSEL “A”) VIR DIE 2013/2014 FINANSIëLE JAAR GOEDGEKEUR WORD:

(i)	**TOTALE UITGAWES**	**R 269 287 560**
(ii)	**TOTALE INKOMSTE**	**R 279 908 430**

RESOLVED:

THAT THE SECOND ADJUSTMENT EXPENDITURE/INCOME BUDGET (ANNEXURE "A") FOR 2013/2014 FINANCIAL YEAR BE APPROVED:

(i)	**TOTAL EXPENDITURE**	**R 269 287 560**
(ii)	**TOTAL INCOME**	**R 279 908 430**